Ontmoeting 4

Jakobus en Johannes: Wie is die belangrikste?

Kinders leer uit die storie van Jakobus en Johannes dat dissipels dienaars moet wees

Teks: Markus 10:35–45
Hulpmiddels:

- Viltbord of klere vir akteurs om hulself te vermom
- Toiletrolletjies om die kaartjies van die dissipels en Jesus regop te hou
- Kopie van die kroon waarvan die voorkant goud ingekleur word en ŉ prent van ŉ besem agterop. Sit dit vas teen ŉ roomysstokkie. Of neem ŉ besem en sit ŉ kroon aan die een kant van die borsel.
- Raffia/strooi/stukkies papier
- Gom

Welkom

"Teenoorgestelde"–speletjie: Laat die kinders na die leier staan en kyk met genoeg spasie rondom elkeen. Sê die kinders moet elke keer die teenoorgestelde doen van wat jy sê. As jy sê hulle moet links draai, moet hulle regs draai. As jy sê hulle moet opstaan, moet hulle gaan sit. Almal wat foute maak, is uit. Hou aan totdat daar ŉ wenner is wat alleen oorbly.

Keuse speletjie: Die groep staan in die middel van die vertrek voor jou en elke keer roep jy 2 alternatiewe uit en hulle kies watter een hulle dink die belangrikste is deur aan jou regterkant of linkerkant te kom staan. Roep: Coke of Crème Soda, sjokolade of tjips, aarbei of sjokolade melkskommel, hokkie of netbal. (LW: Daar is nie ŉ regte of verkeerde antwoord nie; dit gaan daaroor dat hulle keuses moet uitoefen.)

Stel kinders voor aan Jakobus en Johannes. Doen hul handgebare.

Wyding

Stilword–ritueel: Ons kom nou in die teenwoordigheid van God. Sit met jou rug teen die stoel se agterkant. Sit jou voete plat op die vloer. Voel die vloer. Laat jou hande rustig in jou skoot of op jou knieë rus. Maak jou oë toe. Luister na die klanke buite. (15s) Luister na die klanke in die vertrek. (15s) Luister na jou asemhaling. "Dankie, Here, vir asem. Amen."

Woord

Markus 10:35–45 (ABA):
(Speel die verhaal met ŉ viltbord of met kinders as akteurs. Begin met Jakobus, Johannes en Jesus.)
Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, het na Jesus toe gekom en gesê: 'Meneer, as ons vir U iets vra, dan moet U dit asseblief vir ons doen.' Jesus het vir hulle gevra: 'Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?' Hulle antwoord Hom toe: 'U sal Koning wees oor almal. *(Jesus is in die middel met ŉ kroon op.)* Gee dan vir ons die sitplekke langs U, een regs langs U en een links langs U.' *(Johannes en Jakobus is langsaan Jesus.)* Jesus het vir hulle gesê: 'Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle swaarkry soos Ek moet swaarkry? Kan julle uit die beker drink

waaruit Ek moet drink? Kan julle gedoop word soos Ek gedoop sal word?' Hulle antwoord Hom: 'Ons kan dit doen.' Toe sê Jesus vir hulle: 'Ja, julle sal uit dieselfde beker drink waaruit Ek moet drink, en julle sal gedoop word soos Ek gedoop sal word. Maar Ek kan nie besluit wie regs langs My en wie links langs My sal sit nie. God het klaar besluit wie daar moet sit.' Toe die ander tien dissipels hoor wat Johannes en Jakobus gevra het, het hulle kwaad geword. Jesus het die dissipels na Hom toe geroep en Hy het vir hulle gesê: 'Julle weet daar is mense wat dink hulle kan oor ander mense regeer en hulle kan die mense verdruk, daar is belangrike mense wat altyd hard wil regeer oor ander mense. *(Tel die kroon op, waai dit oor die dissipels en plaas dit terug.)* "Dit moenie so wees by julle nie. As een van julle die belangrikste wil wees, dan moet hy die ander mense dien. En as een van julle bo die ander wil wees, dan moet hy almal se slaaf wees." *(Tel die kroon op, draai dit om dat die besem kant na voor wys en vee daarmee oor die bord of vloer dat almal kan sien dit word nou as 'n besem gebruik.)* Want Ek, die Seun van die mens, het gekom, maar nie sodat almal My moet dien nie. Ek het gekom om mense te dien en om my lewe te gee en te sterf. So sal Ek betaal om baie mense vry te maak van hulle sonde.'

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter dinge laat party mense dink hulle is beter as ander.
2. Ek wonder hoe Johannes en Jakobus gevoel het toe hulle Jesus se antwoord hoor.
3. Ek wonder hoe jy sou voel as Jesus vir jou vra om ander te dien.
4. Ek wonder hoe jy mense rondom jou kan dien.

Werskaf

- Maak vir jouself 'n kroon wat omgedraai kan word en dan soos 'n besem lyk om jouself daaraan te herinner dat ons mekaar moet dien. Die kinders kan die besem versier met stukkies raffia of strooi om die besem voor te stel.
- Maak saam met jou groepie 'n plan van hoe julle iemand by die skool of in die gemeenskap kan dien. Besluit op 'n idee en 'n datum wanneer julle dit gaan doen.

Sluit af met die seënbede

Jesus het jou baie lief.
Hy het jou genooi.
Jy is baie welkom by sy tafel.
Hy vergewe jou. Hy maak jou hart gesond.
Sy Gees woon in jou. Amen.